

Woensdag 24 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 5:21-24, 31, 32

Verhouding van 'n getroude vrou teenoor haar man

Die vervulling met die Heilige Gees lei ook tot onderdanigheid in die algemeen, veral van mans en vrouens teenoor mekaar, want elkeen kan deur die Gees uit vrye wil diensbaar wees teenoor mekaar. Dit doen hulle omdat hulle eerbied het vir Christus (:21).

Hoe moet die nuwe lewe gestalte kry in die huisgesin en die werkplek? Alle verhoudinge staan onder die groot bevel: Laat julle vervul met die Heilige Gees.

Onderdanig beteken om vrywillig te dien en te ondersteun. In die samelewing van Paulus se tyd was die vrou die man se slaaf, maar Christus bevry die vrou van alle verslawing. Die gelowige vrou stel die voorbeeld deur aan haar man getrou te wees, en sy is onderdanig aan haar eie man (nie alle vroue aan alle mans nie), soos aan die Here. Omdat die vrou uit liefde haarself vir Christus opoffer, kan sy haar man in liefde ondersteun.

God het by die skepping aan die man die verantwoordelikheid gegee om eerste onder gelykes te wees. Die man is hoof van sy vrou volgens die voorbeeld van Christus se hoofskap, en daarom moet hy uit liefde vir haar verantwoordelikheid neem. 'n Vrou deel vrywillig met blydschap en dankbaarheid aan haar man se lewe deur onderdanig te wees in die sin van liefdevolle ondersteuning. So kan die vrou en haar man God loof vir die wonder dat die Heilige Gees aan vroue genade gee om in 'n positiewe verhouding met hulle mans te leef.

Sing: Psalm 128-2:2

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)